small business development
Department:
Small Business Development
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

sport, arts & culture
Department:
Sport, Arts and Culture
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Oproep om aansoeke vir Covid-19-noodleniging uit die beeldendekunste-, handwerk-, ontwerp- en oudiovisuele sektore

Die **Departement van Kleinsakeontwikkeling** en die **Departement van Sport, Kuns en Kultuur** doen gesamentlik 'n oproep op Suid-Afrikaanse klein, middelslag en mikroöndernemings (KMMO's), koöperasies en alleeneienaars of alleenhandelaars in die beeldendekunste-, handwerk-, ontwerp- en oudiovisuele sektore om aansoek te doen om hierdie Covid-19-noodleniging.

Kwalifiserende vereistes vir KMMO's, koöperasies en alleeneienaars of alleenhandelaars:

a. Besighede wat kan bewys dat hulle bedrywighede negatief geraak is deur die koronaviruspandemie;

b. Alleeneienaars of alleenhandelaars met 'n geldige Suid-Afrikaanse ID en belastingklaringsertifikaat wat kan bewys dat hulle bedrywighede negatief geraak is deur die koronaviruspandemie.

Alle aansoekers moet aan die volgende vereistes voldoen:

a. Die maatskappy of beroepspraktyk moet honderd persent (100%) in Suid-Afrikaanse besit wees.

b. Minstens sewentig persent (70%) van die werknemers moet Suid-Afrikaanse burgers wees.

c. Voorkeur word gegee word aan besighede wat deur vroue, die jeug en mense met gestremdhede besit word.

d. Die maatskappy of praktyk moet geregistreer wees en aan die vereistes van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) voldoen.

e. Die maatskappy moet aan swart ekonomiese bemagtigingsvereistes (SEB-vereistes) voldoen.

f. Alleeneienaars of alleenhandelaars moet aan die vereistes in a, c en d hierbo voldoen.

Aansoekproses

Aansoeke om toegang tot die Covid-19-noodlenigingsfonds moet gerig word aan die **[agentskap/uitkeringsorganisasie]** deur die aangehegte **Covid-19-noodlenigingsfonds-aansoekvorm** in te vul. Die volgende dokumente **moet** saam met die aansoek ingedien word:

a. Motiveringsbrief wat beskryf hoe Covid-19 jou beroepspraktyk/maatskappy en jou toekomsplanne geraak het. Hierdie brief moet hoogstens een bladsy lank wees.
b. Ingevulde aansoekvorm.
c. Inligting oor maatskappy of beroepspraktyk:
    - Maatskappyprofiel of CV wat bewys dat jy en/of jou maatskappy voor Maart 2020 vir langer as 'n jaar in die bedryf was.
    - Bewyse van jou beroepspraktyk, bv. 'n foto van jou werk; skakels na 'n webtuiste of sosialemediabladsye.
    - Getuigskrifte van 'n kliënt of tersaaklike organisasie wat verklaar dat jy 'n praktisyn in bogenoemde sektore is, en voorbeelde van jou werk.
    - Jongste finansiële jaarstate of bestuursrekeninge wat nie ouer is nie as drie maande (van die datum van aansoek) of bankrekeningstate van die laaste drie maande (waar van toepassing).
d. Nakomingsdokumentasie (die * dui aan waar dit op geregistreerde besighede van toepassing is):
    - Gewaarmerkte afskrif van die Suid-Afrikaanse ID van die hoofaansoeker
    - Geldige belastingklaringsertifikaat of belasting-PIN
    - FICA-dokumente (bv. munisipale rekeninge; brief van tradisionele owerheid)
    - Gestempelde driemaande-bankrekeningstaat

- Koöperasie- en/of maatskappyregistrasiesertifikate*.

e. 'n Beëdigde Covid-19-noodlenigingsverklaring wat die volgende bevestig:
   - Dat jy nog nooit 'n begunstigde van Covid-19-noodleniging of -bystand was nie; OF
   - Dat jy Covid-19-noodleniging of -bystand ontvang het, in welke geval jy die bron van noodleniging, die bedrag wat jy versoek het en die bedrag wat jy ontvang het, moet aandui;
   - Jou demografiese inligting (SEB-status, vroue, jeug, mense met gestremdhede); en
   - Die getal en burgerskap van jou werknemers.

Jou aansoek (sien die aangehegte **Covid-19-noodlenigingsfonds-aansoekvorm**) moet die **[agentskap/uitkeringsorganisasie]** voor of op **19 October *2020* teen** 12:00 bereik en moet gerig word aan—

1. **Eastern Cape**

EC-relief@ecdc.co.za

2. **Free-State**

FS-relief@fdc.co.za

3. **Gauteng Province**

gauteng-relief@gauteng.net

4. **KZN Province**

KZN-Relief@kzndac.gov.za

5. **Limpopo Province**

Lim-relief@lieda.co.za

6. **Mpumalanga Province**

Mpu-relief @mega.gov.za

7. **North West Province**

NW-relief@bbcdi.co.za

8. **Northern Cape Province**

NC-relief@nceda.co.za

9. **Western Cape Province**

WC-relief@thecdi.org.za